# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 28
Wraak in die Woestynvesting



Meiring Fouché

TEUNS STEGMAN, die kranige Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen, word met 'n klompie rou rekrute uitgestuur om hulle touwys te maak in die onherbergsame Sahara-woestyn.

Een van die rekrute aan wie Teuns effens twyfel, word gestuur om te gaan kyk wat in die aandson op 'n duin lê en roer. Dan verdwyn die rekruut agter die duin. Teuns en sy manne gaan na hom soek, en 'n groot verrassing tref hulle in die woestyn.

Die skrywer, Meiring Fouché, het natuurlik geen aanprysing meer nodig nie. Diegene wat met hom kennis gemaak het in sy Sahara-avontuur en sy Swart Luiperd sal weet dat hierdie Sahara-avontuur, *Wraak in die Woestynvesting*, die aandag sal boei tot aan die end en die spanning steeds sal laat oplaai totdat dit voel asof dit breekpunt bereik. Hulle sal nie teleurgesteld wees nie.

## Hoofstuk 1

## REKRUUT DAVROS

Dankbaar, soos dors kinders wat op water afgekom het, strek hulle hulle uit in die weldadige koelte van 'n hoë rooi maanhaar duin in 'n onbekende en 'n byna onbegaanbare deel van die Sahara-woestyn. Hoewel hulle feitlik kinders van die woestyn is, voel hulle byna eerbiedig onder die aaklige skoonheid van die ongerepte sandmassas wat hulle hier insluit. Hier lê die rooi sandduine soos berge met diep, donker strate wanneer die skaduwees eers kom, met skerp maanhare, byna soos die lemme van sabels en met fyn rimpelings teen die groot sye.

Hulle is maar 'n klein groepie, net agt man. 'n Vreemdeling sal met die eerste oogopslag sien dat twee van hulle veterane is, geharde manne, en dat ses van hulle nog blosende jongelinge is met hul rooi wange en opgewonde oë, so asof hulle in die Sahara-woestyn 'n geheim verwag wat groter sal wees as enige ervaring wat hulle nog deurgemaak het.

Hier waar hulle nou vir hulle in die koelte van die duin neergevly het, lyk die paar manne so klein en onbenullig. Die enigste wat die oënskynlik grenslose sandmassas om hulle verstoor het, is die paar rye spore teen die steil duin af tot onder in die straat waar hulle nou lê. Hulle strek hulle lui op die sand uit wat nog hittig brand as gevolg van die teistering van die Sahara-son want hulle het ver geloop en hulle het vinnig geloop.

Hul leier is 'n lang blonde man met wakker blou oë en 'n kragtige dog lenige liggaam soos die van 'n kragatleet. Hy is die enigste een wat nie lê nie. Hy sit daar met sy knieë opgetrek en met sy arms daarom gevou. Hoewel hy al soveel dae deur die woestyn rondgedwaal het, lyk hy nog viets en fyn in die mondering van die Franse Vreemdelegioen. Sy naam is Teuns Stegman, die enigste Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen. En die enigste ander veteraan by hom is 'n groot, massiewe kêrel met 'n blink pankop en 'n rooi gelaat met 'n paar skouers en arms wat enige swaargewigstoeier eer sal aan doen. Sy naam is Fritz Mundt, 'n Duitser, en 'n man met die reputasie dat hy die sterkste in die hele legioen is.

Die ander is jong kêrels, sawwe kêrels, wat nou deur Teuns Stegman en Fritz Mundt juis op daardie uitstappie gebrei word. Hulle is rekrute wat skaars 'n maand gelede uit Algiers gestuur is na

die vesting Dini Salam, die voorste garnisoen van die Franse Vreemdelegioen in die suidelike Sahara.

Hier waar Teuns Stegman nou sit, met sy oë nougetrek teen die weerglans van lig wat teruggeslinger word deur die duin voor-hulle, voel dit vir hom asof hulle reeds drie maande gelede van Dini Salam af vertrek het. En tog is dit maar skaars twee weke gelede wat hy die tydelike rang van sersant gekry het met die bevel om Fritz Mundt saam te neem en hierdie ses rou rekrute die woestyn in te neem om hulle in te lyf in die roetine wat gevolg word op patrollies in die Sahara-woestyn. Om vir hulle 'n gevoel aan te kweek vir die omstandigheid in die diep Sahara. Hulle vertroud te maak met die gevare van die woestyn, met die eise wat hy stel. Om hulle te leer presies hoedat 'n manskap van die Vreemdelegioen hom moet gedra wanneer hy op patrollie uit is in die grenslose sandwoesteny van die Sahara.

Die Suid-Afrikaner voel tevrede met die verloop van sake tot dusver. Al ses die rekrute het fluks, sterk en ywerig geblyk te wees. Hulle het almal 'n verbasende uithouvermoë. Hulle wil graag leer en hy en Fritz het hulle alles geleer wat hulle kan. Want in die Sahara is daar veel te leer. In die Sahara leer jy om jou oë op te hou. Jy leer om die gang van die son en die maan te bepaal. Jy leer om 'n rigting te volg volgens die stand van die sterre. Jy leer hoe vinnig jy moet beweeg of hoe stadig jy moet beweeg, hoeveel water jy op 'n dag moet drink - en jy leer hoe om so lank moontlik sonder water te bly.

Hier in die Sahara leer jy om ver en wyd en sekuur te kyk. Om die betekenis van 'n spoor te verstaan of 'n verstoring in die sand of die vaagste beweging in die afstand. Want agter elke maanhaar van die Sahara kan die dood skuil.

Teuns Stegman voel moeg hier waar hy sit want hy is deeglik bewus van die verantwoordelikheid wat op sy skouers rus. Van die deeglikheid van sy onderrig kan die behoud van 'n lewe afhang. Hy moet hierdie manne deeglik brei in alles wat die Sahara kan oplewer - en die Sahara kan so vele dinge oplewer wat 'n mens nie verwag nie. Hy moet hierdie manne leer om wakker te wees, op hul hoede en dapper. Hy moet hulle nie net leer om die gevare van die woestyn te trotseer nie, maar ook om te weet hoe om op te tree wanneer hulle bots met die bloeddorstige inwoners van die woestyn.

Hy moet hulle leer wat die gebruike, die taktiek, die





swakhede van die Arabiere is. En die Arabier kan net so hard, so wreed en so onverklaarbaar wees soos die Sahara self. Dit het hy al soveel maal geleer in hierdie wildernis van sand en hitte. Dit alles moet hy aan hierdie jong manne tuisbring, en hier waar hy nou sit, voel dit vir hom asof elkeen van hulle se lewe van hom persoonlik afhang.

Onderlangs kyk hy hulle deur daar waar hulle lê - rustige jonge manne, uitgeput deur die mars en wagtend op die volgende bevel. Hy wonder hoe dapper hulle sal wees, of miskien hoe lafhartig, wanneer die eerste bloed vloei en wanneer hulle die eerste maal waarlik agter die snellers moet lê. Hy kyk nadenkend na hulle en hy wonder wat hulle na die Sahara gebring het. Elkeen van hulle, dit weet hy, moet 'n verlede hê. Want geen man kom na die Vreemdelegioen sonder dat hy 'n verlede het nie. Miskien deur 'n moord wat hy gepleeg het. Miskien deur armoede. Miskien deur 'n groot leed of deur 'n groot skande. Hoe sal hy ooit weet waarom hierdie ses wat nou onder sy bevel is, na die Legioen gekom het? En hy wonder hoe trou hulle sal wees aan die Franse Vreemdelegioen. Dit is nog iets wat hy hul moet leer. Hulle moet lojaal wees aan die Franse Legioen tot die dood toe. Dit maak nie saak of hulle Franse of Belge of Switsers of Duitsers of Bulgare of Turke is nie, aan die Franse Vreemdelegioen moet hulle trou wees in alle omstandighede, al kos dit ook hul lewe.

Dit is daarom dat die lang blonde Suid-Afrikaner so nadenkend na die klompie kyk wat nou so doodluiters en op hul gemak hier op die sand uitgetrek lê.

Teuns hou van hulle. Op hul omswerwinge in hierdie haas onbekende deel van die Sahara waarheen die bevelhebber van Dini Salam hulle opsetlik gestuur het, het hy al kans gehad om hulle goed deur te kyk. Hulle lyk vir hom soos goeie materiaal - almal, op een na.

Onder hierdie ses is daar een van wie Teuns Stegman nie hou nie. Hy is 'n kort, skralerige, donker mannetjie, nie meer baie jonk nie -seker al kort by die veertig - met twee beweeglike oë wat feitlik nooit stil is nie, met 'n senuweeagtige trek om sy harde mond en met 'n onrus in sy beweging asof hy altyd bang is dat iets of iemand hom agtervolg. Partykeer, het Teuns al opgemerk, maak hy betekenlose gebare met sy hande. Dit lyk asof hy altyd die horison met sy oë opneem, asof hy verwag om iemand te sien of 'n geluid te

hoor. Hy kyk jou nooit waterpas in die oë nie en partykeer ruk sy nek van 'n aanwendsel.

Davros, is sy naam. Rekruut Davros wat oorspronklik uit Boedapest afkomstig is. Teuns wy spesiale aandag aan hom. In alle omstandighede hou hy vir Davros dop. Wat sou so 'n betreklik bejaarde man in die Franse Vreemdelegioen kom soek? Wat is daar in sy binneste wat hom so onrustig en ongedurig maak.

Miskien het 'n groot ramp hom getref, dink Teuns. Maar hoe dit ook al sy, een ding is nie te ontken nie, en dit is dat Davros 'n besonder wakker en intelligente man skyn te wees. Sy uithouvermoë is verbasend. Teuns moes al 'n paar keer die pas verlangsaam wanneer party van die rekrute te uitgeput geraak het in die sand. Maar nie Davros nie. Hy is altyd op die voorpunt. Hy lyk altyd uitgerus en kragdadig. Sy donker ogies vonkel altyd al is hy moeg. Met die grootste geduld vee hy die sweet uit sy oë weg. 'n Treffende kêrel, dink Teuns. Seker die treffendste van die ses rekrute. 'n Paar maal het hy al lus gehad om Davros 'n bietjie uit te vra. Dit is vir hom asof hy Davros nie kan vertrou nie. Of maak hy dalk 'n fout? Wie sal dit ooit weet? Al wat hy kan doen, is om te wag totdat die tyd hom leer want die laaste ding wat hy wil doen, is om vir Davros te laat besef dat hy wat Teuns Stegman is, teenoor hom wantrouig voel.

Toe Davros meteens praat kyk Teuns vinnig na hom. Dit verskerp ook weer onmiddelik sy belangstelling in die man.

"Mon sergeant," sê Davros, "wat is daardie op die kruin van die duin?" Met sy smal, knoetsige hand beduie die rekruut suidweswaarts na die kruin van die duin.

Teuns voel 'n bietjie skuldig dat 'n rekruut iets raakgesien het wat hy nie raakgesien het nie.

Daar op die duin lê bepaald iets. Wat dit is, kan hy nie presies uitmaak nie. Hy frons 'n bietjie dat hy dit nie voorheen raakgesien het nie en hy wonder of die ding maar al die tyd daar gelê het en of dit nie miskien skielik daar verskyn het terwyl hulle hier is nie.

Hy maak se oë nou en vertrou op sy ervaring en sy vermoë om te konsentreer om uit te vind wat dit is. Dit is iets swart, iets wat roer en tog, hoewel Teuns se polse meteens vinniger klop, besef hy dat daardie nie 'n mens is nie. Hy is ook oortuig daarvan dat dit nie 'n lewende dier is nie. Watter diere sal 'n mens ook nou in hierdie waterlose woestyn aantref? Dit is bepaald nie 'n kameel, 'n perd of





'n muil of iets van dié aard nie. Daarvoor is dit te klein.

Meteens roer die onderwerp weer en dit blink in die laat lig van die son. Blink en dwarrel.

En toe besef Teuns met 'n glimlag wat dit eintlik is. Dit is 'n aasvoël. Skynbaar is dit 'n dooie aasvoël. Die wind wat die nag van die woestyn voorafgaan, het reeds opgestaan en dit dryf die fyn deursigtige gordynsand oor die maanhare van die duin. Daardie wind het seker die vlerk van die dooie aasvoël gevang en dit opgelig sodat dit in die son blink.

"Jy is 'n opmerksame man, Davros," sê Teuns. "Ek moet jou komplimenteer daarop. Daardie opmerksaamheid kan jou goed te staan kom in die Sahara."

"Dankie, mon sergeant," sê Davros op daardie opdringerige manier van hom wat Teuns altyd 'n bietjie irriteer. Met daardie ietwat verwaande houding van hom, so asof Teuns hom nie juis veel kan leer van die Sahara nie.

"Ek is nie baie seker wat dit is nie, Davros. Ek dink ons moet 'n vrywilliger stuur om te gaan kyk wat dit wel is."

Die ander kêrels sit meteens ook regop. Belangstellend omdat hulle gehoor het dat iets snaaks raakgesien is, want op hul omswerweringe tot dusver het hulle waarlik niks snaaks teëgekom nie.

"Ek wil 'n vrywilliger hê om te gaan kyk wat daar op die kruin van daardie duin lê," sê Teuns. Nog voordat iemand 'n woord kan sê, is Davros op sy voete.

"Aangesien ek dit eerste gesien het, mon sergeant," sê Davros, "sal ek dit waardeer as u my wil toelaat om te gaan vasstel wat dit is."

"Nou goed, Davros," sê die Suid-Afrikaner, "aangesien jy so wakker en opmerksaam is, is die eer joue. Maar jy moet wakker wees, Davros. Arabiere verskyn dikwels in vreemde gedaantes. As jy die minste onraad merk, kom onmiddelik terug. Ons hier sal ons oë oophou."

"Merci, mon sergeant," antwoord Davros, swaai sy geweer oor sy skouer en begin aanstryk oor die straat na die voet van die duin teenoor hulle.

Toe doen Teuns wat altyd gedoen word wanneer onsekerheid op die toneel verskyn. Hy beveel die paar rekrute om uit te sprei teen die duin, om hul gewere gereed te hou en hul oë oop.

Dit is toe dat Fritz Mundt na die Suid-Afrikaner se kant toe beweeg. "Mon ami," sê Fritz, "wat dink jy van hierdie Davros?"

Teuns kyk na Davros wat teen die anderkantste duin begin uitklouter. Die sand is los en hy moet spook om te vorder, want boonop is die duin baie steil. Die Suid-Afrikaner kyk na die ywerige en kragtige beweging van die donker rekruut, toe kyk hy na Fritz en sê: "Waarom vra jy so, mon ami?"

"Ek weet self nie," sê die Duitser en trek sy skouers op. "Dit is maar sommer 'n gevoel - ek kan dit nie verklaar nie. Sommer 'n eienaardige gevoel dat alles nie pluis is met hierdie man nie."

"Alles nie pluis nie? Wat laat jou dit dink?" vra Teuns.

"Ek kan dit nie verklaar nie," herhaal die Duitser. "Maar dit voel vir my asof daar met Davros 'n skroef los is."

"Jy is bevooroordeeld, mon ami," antwoord Teuns om sodoende die Duitser weg te kry van die idee wat hy self ook koester. "Wat het Davros dan al gedoen wat jou agterdogtig maak?"

"Dit is nie juis wat die man doen nie," antwoord Fritz. "Dit is net die uitdrukking op sy gesig. Die houding van sy liggaam, die onrus in sy oë, die senuweeagtige beweging van sy hande. Dit is dinge wat my tref en wat my hinder."

"Ou Grote, sê Teuns vir die Duitser, "jy moenie sommer afleidings maak nie. Onthou, Davros is net soos al die ander aan ons twee se sorg toevertrou. Aan ons sorg en leiding. Ons sal van hom bepaald nie 'n goeie rekruut maak as ons hom op hierdie wyse wantrou nie. Laat hom maar begaan, ons sal wel nog later sien wat wat is met Davros." Hy probeer so oortuigend praat as wat moontlik is, hoewel dit hom moeilik val, want partykeer is hy lus en bespreek sy agterdog en vrees inverband met hierdie rekruut met Fritz Mundt. Maar in die omstandighede meen hy dat hy dit nie moet doen nie.

Fritz swyg en Teuns swyg. Hulle kyk hoedat die rekruut stadig maar seker teen die los bors van die duin opklouter, byna handeviervoet met die Lebel-geweer blinkend agter sy rug.

"Wat is dit wat daar lê?" vra Fritz.

"Vir my lyk dit soos 'n dooie aasvoël," antwoord die Suid-Afrikaner.

"Heel moontlik ... heel moontlik. Maar wat sal 'n dooie aasvoël op die kruin van 'n duin soek?" vra Fritz.

"Jy sê vandag die eienaardigste dinge, ou Grote," antwoord





Teuns. "Wat is nou so eienaardig daaraan dat 'n dooie aasvoël op die kruin van die duin lê? Aasvoëls gaan ook dood weet jy? Hy lag kortaf en daarmee probeer hy die feit bedek dat hy net so dink soos Fritz. Dit is danig eienaardig dat 'n dooie aasvoël nou juis daar sal lê.

"Dit kan iets ander ook wees," sê Fritz. "Was dit nie bietjie gewaagd van jou om Davros alleen te stuur nie?"

"Davros, my liewe Mundt," sê Teuns Stegman, "is 'n dapper man. Dapper, wakker en ywerig. Ek dink nie daar sal fout kom met hom nie."

Maar hoe verder Davros teen die duin op vorder hoe meer opgewonde raak Teuns en hoe meer bepaal hy sy aandag by die situasie. Hy staan 'n slag op, neem die omgewing met sy wakker oë op en hy gee 'n bevel aan die paar rekrute wat hier teen die hang van die duin stelling ingeneem het. "Wakker wees, mes amis," sê hy vir die kêrels. "hou jul oë oop en hou jul vingers aan die sneller. Ons weet nie wat hier kan uitbroei nie."

Toe kyk hy weer na Davros wat nou met moeite die maanhaar bo bereik het en dit probeer bestyg. Maar elke slag as hy vorentoe beweeg, gly hy in die los sand weer agteruit. Hy is slegs 'n paar voet van die voorwerp af.

Uiteindelik slaag hy egter daarin om bo-op die kruin te kom. Hy staan daar in die laat sonlig wat op die loop van sy Lebel glinster. Hy lyk klein en eensaam daar waar hy staan; so asof hy meteens die middelpunt van die Sahara geword het. So asof hy die enigste lewende wese is in hierdie verlore woesteny waar die dood jou so maklik kan opeis.

Hy buk daar by die voorwerp, toe tel hy dit op en hou dit omhoog. Toe slinger hy dit van hom af weg sodat dit teen die duin afrol.

"So," sê Fritz "dan was die kool eintlik nie die sous werd nie, want dit is nou duidelik dat dit tog 'n dooie aasvoël is."

"So sien ek," sê Teuns maar hy kyk nie na sy Duitse makker nie. Hy hou vir Davros dop. Dit lyk asof die man 'n rukkie onseker daar staan. Toe beduie hy iets wat Teuns nie verstaan nie en die volgende oomblik verdwyn hy agter die kruin in. Hy gaan die duin oor.

Teuns is dadelik op sy voete. Dit is 'n ongehoorde ding. Davros het nie sy bevel om verder te gaan nie. En totdat hy daardie bevel

gekry het, behoort hy te bly waar hy is.

"Kyk so," sê die Suid-Afrikaner, "daar oortree Davros nou die eerste maal 'n belangrike militêre reël."

"Ja," sê Fritz, "Nou doen hy die verkeerde ding. Maar miskien is hy maar net agter die kruin. Wie weet," sê die Duitser, "dalk lê daar nog 'n dooie aasvoël ...

Maar die son sak laer, die skaduwees word langer die skemer kom nader, die wind waai sterker en nog het rekruut Davros nie weer sy verskyning gemaak nie ...

Totdat Teuns Stegman uiteindelik opstaan en met 'n doelbewuste beweging na die voet van die oorkantse duin beweeg.



## Hoofstuk 2

## VERSKYNSEL IN DIE NAG

Teuns Stegman het in die Sahara kalmte aangeleer. Kalmte selfs in die grootste krisis. Maar hier waar hy nou die steil duin vat, loop sy hart vinniger en dit kook binne in hom. Een van die eerste dinge wat hy die rekrute geleer het, is dat hulle nie sommer in 'n situasie mag instorm nie. Hulle moet 'n ding stuk-stuk doen en daartoe moet hulle bevel kry. Wat sou daardie Davros daarby bedoel om sommer agter die duin in te verdwyn as hy daartoe nie die bevel gehad het nie?

Dit bewys net dat die man nog geen benul het van wat in die Sahara kan plaasvind nie. Hy weet nog nie dat die Arabier dikwels 'n lokaas uitgooi net om jou in 'n strikval te lok sodat hy jou kan bykom nie.

Dit is toe hy driekwart van die afstand na die top van die duin afgelê het, dat Teuns meteens in sy spore versteen. Hy is ver vooroor geboë teen die steilte en in daardie posisie kom hy tot stilstand.

Want in sy ore dawer nog die geweerskoot wat iewers agter die maanhaar geknal het. Hy word eers warm en toe word hy koud. Hy kyk vlugtig om na waar die ander manne wag en hy sien Fritz Mundt vinnig beweeg na 'n posisie tussen die rekrute.

Toe swaai Teuns sy kop weer vinnig en betrag die hele horison. Maar daar is niks. Daar is net die vinnige aanstormende Sahara-skemer wat die kruine van die duine laat verdof. Hy weet dat dit nie meer lank sal duur voordat dit volkome donker is nie.

En hy is seker dat die voortvaarende Davros aan sy einde gekom het omdat hy nie wou luister nie. Hy het hom natuurlik gaan vasloop in 'n wagtende Arabierse sluiper wat juis daardie aasvoël daar neergelê het om die aandag te trek.

Met byna waansinnige haas worstel Teuns hoër teen die duin op. Hy het sy geweer afgeruk. Hy is op sy hoede. Elke sintuig in hom is gespanne, en hy haas hom eers na die dooie aasvoël wat in 'n verwarring van uitgestrekte vlerke en vere daar teen die sand lê. Hy gryp die voël dadelik op en ondersoek hom in die laaste lig van die dag. Hy vind aan hom geen bloed nie. Met die liggaam van die voël vind hy niks verkeerd nie. En tog is hy dood.

Toe ondersoek hy die kaal nek en hy soek nie lank voordat hy die rede vir die voël se dood vind nie. Daar is 'n verdikking in die nek